Kempie Klets

Uitgawe 7: 6 Mei 2010

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Met die huidige weerpatroon kan mens maklik dink die Kaap se grense het baie wyd gerek. Ek kan nie onthou wanneer laas het die tuine en grasperke hierdie tyd van die jaar in die dorp so groen vertoon nie. Ons is nietemin dankbaar vir die baie reën.

NuPower/Tuks reeks

Hierdie strawwe kompetisie se finale word Saterdag op Tukkies se LC de Villiers sportvelde beslis. Soos al die ander voorseisoen reekse is die bedoeling dat spanne gefinaliseer moet word en die fiksheid op standaard moet kom vir die ligawedstryde wat voorlê, maar die eise van die reeks is net so hoog. Elkeen moet regtig uithaal en wys om die prestasie te kan lewer.

Ons wil by voorbaat geluk sê aan al die spanne met die individuele prestasies. As die finale puntestand van die skole Saterdagaand aangekondig word, sal dit by ons die verwagting skep om in die algeheel 6e plek aangewys te word. Sou dit gebeur, beteken dit dat ons die afgelope 3 jaar elke jaar met een plek kon verbeter. Sterkte met elk van die wedstryde wat Saterdag gespeel moet word.

Junie Eksamen

Op 17 Mei begin die Junie eksamen. Die eksamen roosters is lankal uitgedeel, werksafbakening is gegee, en die leerders word gereeld aan die leerwerk en hersiening herinner. Na die eerste kwartaal se "min" werk is die eksamen se eis heelwat meer en intens. Die kinders moet meer ure agter die boeke deurbring, minder tyd aan selfone, TV en kuier spandeer. Om werk net een keer te leer is nie genoeg nie. Ons het nie leer fietsry na die eerste poging nie!

Maak ook seker dat daar rustigheid tuis is, sodat die leer en hersiening vir die kinders, aangenaam is. Mag ek namens hulle 'n koppie koffie of Milo in die aand vra – dit is sommer net so 'n klein stukkie bederf vir hulle. Maak seker die eksamenrooster is êrens opgeplak om laatkom of vergeet te keer.

Leerling afwesighede

Met net een week oor voor die eksamen kan ek dit nie genoeg beklemtoon dat die kinders asseblief elke dag by die skool moet wees nie. Dieselfde hoeveelheid werk as in die verlede moet voor die eksamen afgehandel word , met twee weke minder tyd om dit te doen. Afwesigheid nou is regtig fataal.

Kan ons u as ouers daaraan herinner dat die kinders asseblief 'n brief wat die afwesigheid bevestig, moet aanstuur skool toe. Ons het met baie stokkiesdraai te doen, en moet alles inspan om dit te voorkom. Baie dankie vir u samewerking.

VLR en Ondersteunersklub gholfdag

Hierdie is een geleentheid wat die getroue gholfspelers nie moet misloop nie. Dit vind plaas op 12 Mei. Kontak Me Janine Diedericks by die skool as u 'n navraag het. Dit is 'n "shotgun" en begin om 11:00. Die aantal inskrywings is dus beperk – gou maak as u nog vir 'n afslaan wil inskryf.

Ten slotte

Geniet die wêreld sokkerbeker in Junie maand.
Geniet die paaie as hulle klaar is.
Geniet jou kind se 5 weke tuis.
Geniet die skool as hy weer begin – dan is jou kind onder jou voete uit!
Geniet die laaste week of drie van die Super 14 Rugby – mag die finaal in SA wees.
Groetnis tot 22 Julie in die derde kwartaal wanneer die volgende Kempie Klets verskyn.

Roelof Burger
(Skoolhoof)

SPORTUITSLAE

RUGBY:

Uitslae van die Nu Power / Tuks semi-finaal was as volg:

0/16B vs EG Jansen wen	6 – 5
0/14A vs EG Jansen verloor	7 – 27
0/15A vs Eldoraigne wen	34 – 6
0/16A vs Eldoraigne gelykop	15 – 15
Eerstes vs Eldoraigne wen	31 - 11

NETBAL

Na afloop van die Nu Power/Tuks reeks was die netbalspanne se posisies as volg:

0/14A	10de
0/15A	3de
0/16A	6de
0/17A	6de
0/18A	6de

Kempies se netbal het algeheel 6de geëindig.

HOKKIE

Uitslae van Nu Power wedstryde semi-finaal:

0/14A speel vir posisie 5-8 vs EG Jansen en wen, penalty flicks 2-0
0/15A speel vir posisie 5-8 vs Transvalia en verloor 3-2
0/16A speel vir posisie 1-4 vs Waterkloof en verloor 0-2
1stes speel vir posisie 9-12 vs Merensky en wen met "sudden death flicks"

SEUNSHOKKIE

Die posisies van die seunshokkie was:

0/16A	eindig in die 7de posisie.
1ste span	eindig in die 11de posisie.

MUURBAL

Marnél Redelinghuys het 30 April - 2 Mei aan die S.A. Muurbal-kampioenskappe in P.E. Deelgeneem. Sy behaal n 8ste plek indie O/14–kategorie

LIGA

TENNIS:
Kempies het hulle eerste tennisliga wedstryd teen St. Andrews gespeel. Kempies 1ste span meisies wen 46 – 30.

SKAAK:
Skaakligawedstryde se uitslae was as volg:

Liga A-span vs Jeugland	2 – 8
Liga B-span vs Jeugland	3 – 7
Liga A-span vs Birchleigh	7 – 3

MUURBAL
Kempies 2 speel gelyk in stelle teen Boksburg High, maar verloor met punte: 114 - 131

NETBAL
Uitslae van die derde ligawedstryde vs EG Jansen:

0/14A	wen	17 – 15
0/14B	verloor	16 – 5
0/15A	wen	16 – 12
0/15B	wen	21 – 14
o/16A	wen	14 – 13
0/16B	wen	24 – 3
0/17A	verloor	12 – 27
0/17B	wen	24 – 9
0/18A	wen	26 – 15
0/18B	verloor	20 – 9

KEMPIE VLR / ONDERSTEUNERSKLUB GHOLFDAG

DATUM: Woensdag *12 Mei 2010*
BAAN: *Kempton Park Buiteklub*
AFSLAANTYE: *10:00 vir 12:15*
KOMPETISIE: Beterbal *Scramble*
PRYSUITDELING: *18:30*
KOSTE: *R300.00 per persoon*
(baanfooi, aandete ingesluit)

Bespreek afslaantye by
Danie Fourie 082 566 0047

ANDER SPORT PRESTASIES

GHOLF:
Een van die Kempies het 'n groot eer te beurt geval. Talia Nel het haar Junior Springbokkleure verwerf en gaan Suid-Afrika verteenwoordig in die "Harder German Junior Masters" in Duitsland wat in Augustus plaasvind. Talia het gekwalifiseer deur 3de in die Nomads SA Meisies toernooi te eindig. Daar het 160 meisies aan dié toernooi deelgeneem. Sy gaan ook in Augustus deelneem in die Britse Junior Amateurs wat in Ierland, Belfast plaasvind.

TENNIS
Donovan McSeveney het in Bloemfontein deelgeneem aan SATA Junior Interpro-kompetisie vir Seuns 0/18 waaraan 14 provinsies deelgeneem het (4 uit elke provinsie) Donovan is aangewys as die beste nommer 3 speler van die toernooi. 'n Uitstaande prestasie om op die vlak deel te neem – om as beste nommer 3 speler aangewys te word is baie goed!

LUGGEWEER SKIET
Nico du Plessis het die naweek deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Luggeweer proewe wat gehou is in Douglas.
Tydens die kompetisie het Nico 'n tweede plek ingeneem vir die 3 Posisie Presisie klas 0/20 en 'n algehele derde plek behaal in die 3 Posisie Presisie klas.

Nico is ook gekies vir die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingspan wat in Augustus gaan deelneem aan die Britse Internasionale luggeweer kompetisie in Engeland. Met sy insluiting in die span verwerf Nico SAARA (Suid-Afrikaanse Luggeweer) assosiasie kleure.

STOEI
Johannes Redelinghuys en JJ Murray het in Egipte aan die Afrika-Kampioenskappe deelgeneem. Johannes het 'n derde plek en JJ 'n tweede plek verower.

HOËRSKOOL KEMPTON PARK BIED AAN

VEG VIR VYM

Finaal 2010

Datum: **13 Mei 2010**
Tyd: **18:00**
Plek: **Kempies Skoolsaal**

"Bring Jou Tjoklits Baby"

Uit die Finansies Kantoor

BAIE BELANGRIKE BOODSKAP ! ! !

Met die eksamen en die lang vakansie wat voorlê, word ons genoodsaak om die skoolgeldrekeninge aan die einde van Mei en Junie aan u te **e-pos**. **Hiermee doen ons 'n beroep op u om asb. u korrekte e-pos adres aan ons te stuur na michels-mith@mweb.co.za**
Betaal asb. in die bankrekening, aangesien die skool gesluit sal wees.

REDENAARS

Die volgende Kempies is gekies om aan die ATKV se halfeindrondte vir redenaars te gaan deelneem op 6 Augustus 2010:

Juniors: Ruan de Witt
Celeste Jonker
Neil du Plessis

Seniors: Armand Algera
Carike Jacobs
Veruschka Theron

DEBAT

Geraldi Spurling en Bianca Baker het deur-gedring na die halfeindrondte van die ATKV debatskompetisie.

GESINSPITKOS

MIXIT, Foonpornografie en jou kind se veiligheid.

Bekommerd?
Wil jy meer weet?

OUERBEGELEIDING: 6 MEI 2010 om 19:00 in die Personeelkamer.

Dis gratis en almal is welkom! !

SA KAMPIOENSKAPPE VIR UITVOERENDE KUNSTE

Landri van Emmenis*:
7 Goud (Acting)
5 Silwer (Acting)
3 Brons (Acting)
Over all award- Beste duet.

Hanro Janse van Rensburg*:
5 Goud (Acting)
5 Silwer (Acting)
2 Brons (Acting)

Heinrich Kotze*
5 Goud (Acting)
1 Silwer (Acting)
6 Brons (Acting)

Tealitia du Plessis*
3 Goud (Acting)
5 Silwer (Acting)
3 Brons (Acting)
Over all award; Best female acting; en Grand Champion award.

Sy was ook gekies om aan `n realiteit program in Hollywood deel to neem, wat op T.V. uitgesaai gaan word.

Martin Kruger*
3 Goud (Acting)
1 Silwer (Acting)

Ruan de Witt*
2 Goud (Acting)
2 Silwer (Acting)
5 Brons (Acting)

Armand Algera
3 Silwer (Sang)
2 Brons (Sang)

* Die leerlinge is gekies vir TEAM SA wat in Julie 2010 gaan deelneem.

Hope..... is not a feeling; it is something you do.
– Katherine Paterson

Become an answer to someone else's prayer.

Visit a sick relative or friend, call someone and encourage them, mow a neighbour's yard, give your spouse a back rub, write a check for a local charity,

compliment a co-worker, volunteer at a shelter for the homeless. Lift your spirits by lifting someone else's load.
- Tracy Mullins and Ann Spangler

CK 53 DRIVING SCHOOL AND TRAINING GROUNDS

VISIT OUR GROUNDS AT
CNR AANDBLOM AND FLAMBOYANT STR,EDLEEN

LEARNERS LICENSE COURSE:
R350,00 PASS GUARANTEED

SPECIAL PACKAGES AVAILABLE:	R 170.00 per Hour
EXCELLENT PRICES:	R2.000 for 14 Hours
FULL PACKAGE FROM START TILL END:	R4.500
LEARNERS LICENSES ALL CODES:	R 350.00

COLLECT AND DROP-OFF AVAILABLE
DUEL CONTROL VEHICLE
FULLY QUALIFIED INSTRUCTOR

KONTAK : KOBUS - 083 419 8043/082 3800 731

CK53 DRIVING SCHOOL

GLAMOROUS ROOFING CC

Attie Lampre cht
011 789 9790
083 535 4881
083 755 3929

glamorousroofing@mweb.co.za
www.glamorousroofing.co.za

- Industrial & Domestic Roofing
- All types of Ceilings
- All types of Roof Repairs
- Fascia Boards
- Specialised in new and Repairing of Slate & Tile Roofs
- Roof Painting
- Waterproofing
- Guttering

---

solartech

My Hot Water is Free

Answa Horn: 082 565 9792

An Accredited Supplier of the Eskom Solar Programme.

NUPOWER REEKS FOTO'S

World of Sport Photography

Bestel **JOU** aksie foto's

WWW.JPEG.CO.ZA

VERVOER

Ek benodig baie dringend vervoer, slegs in die middae, vir twee skoliere vanaf die skool na 58 Purchase weg, Marister.(Benoni plotte)

Ek sal betaal daarvoor

My kontakbesonderhede is as volg:

Trudie Pieterse
0733378333/ 0789203314
Landlyn werksure: 011-917-3432
Of e-pos: trudie.pieterse@yahoo.com

Annique verspreider /distributor

Hermie Bekker
084 614 8122

Mei promosie -Tiener reeks - Face Facts 25% - 30% afslag
Beveg plooie met Bo-Serum
ROOIBOS - Velsorg en skoonheid/ Health and skincare.

INTERNATIONAL HEALING FOUNDATION
(SOUTH AFRICA)

THERAPY COUNSELING AND COACHING CENTRE

André Bekker

CONTACT DETAILS

Tel: (011) 394 3031; **Cell:** 071 326 8034; **Fax:** 086 624 9748
Email: Info@ChangeIsPossible.co.za; **Website:** www.ChangeIsPossible.co.za
Physical Address: Kaleideo City Campus, 6 Willow Street, Kempton Park
Postal Address: PO Box 21, Kempton Park, 1620

TUINWOONSTEL TE HUUR

Tuinwoonstel beskikbaar in Birch Acres

- Ingangsportaal
- Sitkamer
- Kombuis
- Badkamer
- Slaapkamer
- Patio met tuinstel

R 2 800. 00 per maand
Okkupasie: 1 Junie 2010

Kontak Nadia: (011) 976-4050 / 084 562 1020